

Ek sien verskille en ooreenkomste raak

Perseptuele vaardighede (waarnemingsvaardighede) is noodsaaklik vir suksesvolle leer. Dit is vaardighede wat ontwikkel behoort te word. Dit is daardie vermoë van die brein om deur middel van die sintuie (sien, hoor, proe, ruik en voel) die buitewêreld te ervaar. Ons leer deur al ons sintuie te gebruik!

As ouer speel jy die belangrikste rol in jou jong kind se ontwikkeling.

Hier is 'n paar wenke waar interaksie met jou kind kan help om die nodige vaardighede te ontwikkel – met hulpmiddels wat sommer uit die huis of kombuis gebruik kan word.

1. Ek kan maats pas:

Die **doel** van hierdie oefening is om die vermoë om verskille en ooreenkomste raak te sien, te ontwikkel. Doen die oefening vir ongeveer 15 minute lank. Die aktiwiteit is suksesvol as die kind die maats kan pas. Die aktiwiteit kan uitgebrei word deur klein vierkante (5cmx5cm) van verskillende material te gebruik.

Apparaat:

- ✓ Twee eierboksies
- ✓ 'n Botteltjie met 'n skroefdeksel (deurskynende plastiekbotteltjie)
- ✓ 'n Aantal saadsoorte in pare (bv ryskorrels, mieliepitte, droë suikerbone)
- ✓ 'n Aantal macaroni-vorms in pare (bv skulpnoedels, spiraalnoedels, krulnoedels, knoopnoedels)

Metode:

- ✓ Sny die eierboksies oop en plaas in elke eierholte 'n saad of noedel
- ✓ Plaas telkens 'n identiese artikel in die botteltjie
- ✓ Laat die kind die artikels uit die botteltjie by die maats in die eierboksies pas
- ✓ Laat die kind sê hoekom die maats bymekaar pas

2. Hoe om kos te kies:

Die **doel** van hierdie oefening is om verskille en ooreenkomste met **inhoud** te assosieer. Dit ontwikkel betekenisvolle opmerkzaamheid. Hierdie aktiwiteit duur ongeveer 15 minute en is suksesvol wanneer die kind verskille en ooreenkomste kan raaksien.

Apparaat:

- ✓ Vyf verskillende blikkies (kos) met name op
- ✓ Vyf bordjies met verskillende soorte gedroogde vrugte

Metode:

- ✓ Bespreek die inhoud en die etiket van elke blik
- ✓ Gebruik vier blikkies met verskillende inhoud. Een blikkie met dieselfde uiterlike voorkoms en inhoud word herhaal. Laat die kind die blikkie met dieselfde inhoud uitwys. Verander elke keer een blikkie.
- ✓ Herhaal die oefening op dieselfde wyse met die bordjies met vrugte
- ✓ Gebruik dan die blikkies en bordjies met vrugte saam vir die speletjie
- ✓ Laat die kind 'n blikkie kies vir aandete. Maak die blikkie oop en kyk of die kind kan raaksien of die inhoud met die etiket ooreenstem.

3. Die na-aper:

Die **doel** van hierdie oefening is om die kind te oefen in die raaksien van ooreenkomste en verskille. Dit duur ook 15 minute en is suksesvol as die kind die ooreenstemmende stukke op die “wasgoeddraad” kan hang.

Apparaat:

- ✓ 'n Tou
- ✓ Twee stoele
- ✓ 'n Aantal stelle eenderse “wasgoedstukke” (bv kouse, hemde, handdoeke, sakdoeke)
- ✓ Wasgoedpennetjies

Metode:

- ✓ Maak 'n nagmaakte wasgoeddraad deur die tou aan twee stoele vas te maak
- ✓ Sê aan die kind: “Ek hoor jy kan alles doen wat ek doen. Ek hang 'n kous aan die wasgoeddraad. Soek joune en doen dit ook!”
- ✓ Hou hiermee aan totdat die –draad vol wasgoed is. Ander soorte wasgoed soos tydskrifpente kan gebruik word.
- ✓ Moedig die kind aan om op sistematiese wyse die artikels uit te soek. Die kind kan byvoorbeeld later self een stuk op die –draad hang en die ooreenstemmende soort artikel soek.

4. **Ek kan letters pas:**

Die **doel** is om ruimtelike posisionele passing te kan doen. Die oefening duur 10 minute en is suksesvol wanneer die lettermaats bymekaar gepas is.

Apparaat:

- ✓ Twee stelle letters. Los plastiekletters en 'n kartonvol waarop die letters geteken is.
- ✓ Magnetiese letters kan gekoop word – twee stelle

Metode:

- ✓ Gee 6 letters aan die kind. Vra die kind om die ses letters op die kartongetekende letters te pas. Magnetise letters kan teen die yskas of deurkosyn geplak word en die kind word gevra om die letters onder die geplaktes te pas.
- ✓ Moenie meer as ses letters op 'n slag gebruik nie.
- ✓ Lettername word nie nou al aan die kind geleer nie, behalwe as die kind reeds skoolgaande is.
- ✓ Verduidelik aan die kind dat die letters net een ruimtelike posisie kan inneem en moet daarom nie skuins of skeef geplaas word nie.

5. **Soek en vind:**

Die **doel** van hierdie oefening is om die kind se waarneming vir **fyner** detail te verskerp, konsentrasie te verbeter en visuele geheue te ontwikkel. Hierdie oefeninge duur tussen 3 en 5 minute.

Apparaat:

- ✓ 'n Bladsy uit 'n kinderboek met groot gedrukte letters
- ✓ 'n Groot vel papier en viltpen
- ✓ 'n Bladsy in 'n inkleur aktiwiteitsboek waar die kind die verskille tussen prente moet soek (daar is ook sulke oefeninge in tydskrifte wat gebruik kan word)

Metode:

- ✓ Kies 'n letter en skryf die letter duidelik en groot met die viltpen op die papier.
- ✓ Wys die letter aan die kind en sê: "Kyk na hierdie letter. Dit is 'n "m" vir mamma. Die klank moet aangeleer word en nie die naam van die letter nie.
- ✓ Vra die kind om die letter tussen die ander letters in die teks voor hom/haar te soek.

- ✓ Laat die kind 'n strepie trek onder die letter.
- ✓ Wys aan die kind die prente in die aktiwiteitsboek en verduidelik dat daar verskille tussen die twee prente is. Voorwerpe is in die tweede prent uitgelaat.
- ✓ Die kind kyk na die eerste prent en let na fyn detail op.
- ✓ Vra die kind om na die tweede prent te kyk en kruisies te maak oor al die voorwerpe wat uitgelaat is.

6. **Blokkespel:**

Die **doel** van hierdie oefening is om die ooreenskomste en verskille in driedimensionele vorms raak te sien. Hierdie aktiwiteit duur tien tot vyftien minute.

Apparaat:

- ✓ Een stel parketblokke (parquetry blocks)

Metode:

- ✓ Stel 'n versameling saam wat bestaan uit tien stelle van twee soortgelyke blokke elk.
- ✓ Plaas u vinger op die eerste blok en sê: "Kry die vierkant wat net soos hierdie vierkant lyk".
- ✓ Herhaal die oefening deur elke keer 'n ander blok aan te dui. Noem die regte naam van die blok.
- ✓ Die blokke kan verskillende kleure geverf wees. Indien dit in kleure geverf is, kan die kleur genoem word.
- ✓ Vra die kind om 'n rooi reghoek wat net soos die aangeduide rooi reghoek lyk, te vind.

7. **Vuurhoutjiespel:**

Die **doel** is om verhoudingsooreenkomste tussen verskillende getalle raak te sien. Die kind moet soveel vuurhoutjies kan sien as wat daar kolle is. Hierdie aktiwiteit duur ongeveer vyftien minute.

Apparaat:

- ✓ Een boksie vuurhoutjies.
- ✓ Tien leë vuurhoutjieboksies.
- ✓ Maak twee stelle boksies waarop een tot vyf vuurhoutjies vasgeplak is. Dit kan uitgebrei word tot tien vuurhoutjies.
- ✓ Vyf kaartjies met een tot vyf kolle op. Dit kan uitgebrei word tot tien kolletjie.

Metode:

- ✓ Rangskik die twee stelle vuurhoutjeboksies van een tot vyf met die ooreenstemmende maats daarby. Die ouer moet dit self eers doen sodat die kind kan verstaan wat van hom verlang word en hoe die pare bymekaar pas.
- ✓ Maak nou die boksies deurmekaar en vra dat die maats bymekaar gepas moet word.
- ✓ Die spel kan moeiliker gemaak word deur die kaartjies met die kolle saam met die boksies te plaas. Die kind word gevra om die kolle en die vuurhoutjies bymekaar te pas.
- ✓ Die kind kyk na die kolvoorstelling en haal dan net soveel vuurhoutjies uit die boksies. Prys die kind as dit reg is en as dit verkeerd is, verduidelik weer en laat hom dit probeer totdat dit reg is.

8. Geldspel:

Die **doel** is om die ooreenkomstige ten verskille tussen muntstukke raak te sien en om 'n begrip vir geldwaardes te begin ontwikkel. Hierdie speletjie duur vyf tot agt minute en kan uitgebrei word deur die kind na 'n winkel te neem en self te "koop" met 'n munt van 'n spesifieke waarde.

Apparaat:

- ✓ Vyf van elk van die volgende muntstukke: tiensent, twintigsent, vyftigsent en die randstukke.
- ✓ Voorbeelde van artikels wat met die onderskeie muntstukke gekoop kan word. (In vandag se tyd is dit bietjie moeilik!)

Metode:

- ✓ Gee aan die kind die versameling munte en vra om die soorte bymekaar te pas. Die kind moet sê waarom hulle pas.
- ✓ Stel die munte voor, bv "Hierdie is 'n tiensentstuk, jy kan 'n suigstokkie daarmee koop!"
- ✓ Gebruik dieselfde muntstukreeks (bv die twintigsentstuk) en plaas twee met dieselfde en drie met die ander kante, na bo (kop en stert). Die kind moet uitwys watter van die ander verskil. Herhaal met die ander reeks.
- ✓ Plaas vyfmuntstukke, waarvan een verskil van die ander, in dieselfde posisie en vir watter van die vier pas/pas nie.
- ✓ Laat die kind 'n reeks saamstel en u probeer fop met een wat nie pas nie!